



Kaapse Draai
Erfeniskonsultasie
Waverley, Pretoria
082 9516740
jeanette@rvr.me

kaapse draai
b.nw. en s.nw.
[ka:ps e dra:i]
Wye, swierige draai
met 'n kar en perde

ERIK HOLM

Die ossewa en sy spore

Imprimatur

2020

370 pp.

ISBN 978-0-620-89142-4

Die skrywer voer die volgende aan as grondtemas vir hierdie omvattende werk oor die ossewa:

Aan 'n nuwe wa kan jy sien of dit 'n goeie skilder was, aan 'n oue of dit 'n goeie wamaker was;

en

*[D]ie nawe wat ons boor
die bande wat ons kort,
die gaan miskien die berg oor,
tot in die verte vort.*

Dit is duidelik dat Langenhoven se spreuk Erik Holm se belangstelling, passie en navorsing die afgelope vier dekades gerig het. In *Die ossewa en sy spore* bespreek hy alle tegniese – voor die hand liggend én vir die leek meer verborge – aspekte van die ossewa. Voorts bring hierdie pragwerk die geskiedenis en betekenis van die ossewa oor die berge van die verlede na 'n jong generasie; net soos die smid in die aanhaling uit Eugène Marais se gedig nie die eindbestemming van sy handewerk kon ken nie.

'n Worldcat-soektog het slegs twee resente bronne oor die trekos opgelewer, nl. 'n verhandeling in 2016 en 'n artikel in 2018. Die jongste van die bestaande

sekondêre bronne oor die ossewa is ń artikel wat al in 1998 in *Kultuurhistorikus* verskyn het. As voorste lewende kundige oor die ossewa lewer die skrywer dus met hierdie boek ń onskatbare bydrae tot die Afrikaanse kultuurgeskiedenis. Holm verweef sy ervaring en kennis op ń deursigtige wyse met die historiese bronmateriaal oor die wa, sy toebehore, sy gebruike, die trekos en die rol van al hierdie aspekte in die vorming van die gemeenskaplike geheue van die Afrikaner.

Dat die geskiedenis van die ossewa, as kultuurproduk uit Suid-Afrikaanse bodem, in wese ook die geskiedenis van die ontwikkeling van die land is, word duidelik uit die beskrywings van wanneer, hoe en hoekom en deur wie en waar waens gebou is. Die wa en die os loop soos ń goue draad deur die verhaal van Suid-Afrika. Dit was ń integrale deel van die trekboer en Voortrekker se lewe, dis onder meer gebruik om wapens en hospitaaltoerusting in die Anglo-Boereoorlog te vervoer en was tot baie laat nog onontbeerlik vir boerdery en deel van die manier hoe die Afrikaner feesgevier en Nagmaal gehou het. Talle swart stamhoofde het waens besit en een wamaker het selfs advertensies in die koerant in Suid-Sotho laat plaas. Waens en osse moes die boumateriaal en toerusting aanry wat nodig was om die binneland te ontsluit - van mynmasjinerie tot die boumateriaal vir die Uniegebou!

Wel beskou is *Die ossewa en sy spore* ń naslaanbron vir museumkundiges, historici, versamelaars en handelaars van oudhede, kunshistorici en vakmanne. Met die registers wat Holm saamgestel het van wamakers, waens wat behoue gebly het en monumente met die ossewa as tema, het hy ń reusebydrae tot die bewaring en bestuur van die land se kulturele erfenishulpbronne gelewer. Ook vir inligting oor etlike nie-tasbare kulturele erfenishulpbronne dien hierdie boek as ń eenstop-alles-onder-een-waseil-verwysingsbron: die herkoms van terminologie wat vir die wa en sy onderdele gebruik word; die volledigste lys met Afrikaanse gesegdes en idiome wat van die ossewa afgelei is; besprekings van wa-geïnspireerde plekname in Suid-Afrika, volks- en moderne musiek, letterkunde en Afrikaanse volksfeeste.

Foutiewe interpretasies oor die ontwikkeling van die ossewa in die bestaande literatuur word uitgewys en bevredigend aan die leser verduidelik. Holm verskaf feite oor die registrasie, verkoopstegnieke en advertensiemetodes vir ossewaens wat navorsers in media- en bemerkingsgeskiedenis interessant sal vind. Hy kom ook tot vars insigte oor die gebruik van die ossewa as simbool in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Die styl en trant van die boek is voorts so gemaklik en op die man af dat selfs die mees tegniese beskrywings vir die algemene publiek verstaanbaar sal wees. ń Magdom foto's en illustrasies lig

bykans elke aspek, wat bespreek word, toe en *Die ossewa en sy spore* het teweens n̄ veel wyer lesersmark as die groepe wat reeds genoem is.

Holm skryf: “Toe ek begin wile kort het in 1984, het ek n̄ oubaas in die ouetehuis gaan haal wat dorpsmid was en geweet het hoe om bande te kort. Ek het n̄ ry van omtrent 12 wile opgestel en hom gevra hoeveel elkeen gekort moes word. Hy het gekyk, met die knipmes gekrap, met die kiere die speke geklop en toe iets gesê soos: ‘Ek sou sê n̄ aks meer as driekwartduim,’ of ‘Hierdie een sou ek n̄ aks onder n̄ halfduim vat.’ Nadat ek nou alles nougeset neergeskryf het, vra ek die oom hy moet my nog net sê hoeveel die ‘aks’ orals moet wees. Hy het my net kopskuddend betrag en gesê: ‘Boetman, as jy nie daardie gevoelentheid het nie, los liewer hierdie jop.’ n̄ Paar honderd gekorte wile later verstaan ek nou wat die oom bedoel het.”

n̄ Onvergeetlike reis en 370 bladsye later, ontwikkel die leser ook n̄ ontsaglike respek vir die kuns van die wamaker en die touleier en kom tot die besef dat ons steeds “ossewataal” praat en dat mense steeds waarde heg aan dieselfde dinge as die dag toe die heel laaste ossewa in Suid-Afrika gebou is.

Dr. Jeanette van Rensburg

Pretoria

7 September 2020